# 'n Inleidende woord

Dekaan van die Fakulteit Teologie (Afd A), Universiteit van Pretoria
en voorsitter van die redaksie van die Hervormde Teologiese Studies

Professor A D Pont het diep spore in die Nederduitsch Hervormde Kerk en aan die Universiteit van Pretoria getrap. Sy teologiese paradigma het aangetrek en omstredenheid gewek. Die ywer en deeglikheid waarmee hy sy teologie beoefen, het bewondering by student en kollega, volgeling en kritikus afgedwing. Sy pad in kerk en aan universiteit was reguit en soms omstrede.

Hy maak skerp skeidinge tussen openbaringsteologie en antroposentriese teologie, tussen objektiewe teologie en subjektiewe teologie. So bring sy teenwoordigheid en werk hierdie krisis in die teologie opnuut na vore. Dit bly 'n kritiese vraag hoe dit moontlik is dat die evangelie, die waarheid, die openbaring van God behalwe objektief self ook subjektief kan wees, dat God in sy openbaring self daarvoor sorg dat die mens glo, dat subjektiewe geloof nie gehoorsaamheid aan die wet is nie, maar vrug van die evangelie self. Met ander woorde: Is in die objektiewe van die evangelie nie ook die subjektiewe van ons geloof ingesluit nie? Die verdienste van A D Pont lê juis hierin dat hy student en kollega by hernuwing dwing om hieroor standpunt in te neem, om openbaring van geopenbaardheid te onderskei of saam te voeg. Hierdie pad van die deurdenking van openbaring en verborgendheid, van God wat Homself openbaar in die gestalte van dit wat Hom weerspreek en Hom verberg, dit is die krisis van die teologie, maar tegelyk ook sy opdrag. Ons dank aan professor Pont wat in lewe en werk hierdie krisis vir dié wat dit wou raaksien, nogeens opgeroep het.

Professor J H Koekemoer
Junie 1992